Voorblad

Tel: 0861 566711 November 2010 voorblad@vf.co.za

Landbou in SA kry hupstoot

‘n Groot oorwinning is onlangs op landbougebied behaal toe Suid-Afrika en China ‘n gesamentlike aksieplan onderteken het.

Die samewerkingsooreenkoms is die gevolg van bilaterale gesprekke tussen dr. Pieter Mulder, adjunkminister van landbou, bosbou en vissery en sy Chinese eweknie, mnr Wei Chaoan.

Een van die vernaamste wisselwerkings is die studie van akwa-kultuur, ‘n boerdery metode wat in die Republiek van China bedryf word.

Lees meer oor die ooreenkoms op bladsy 11.

Unrepresented Nations and Peoples Organization (UNPO) se presidensie of dagbestuur tydens die Geneve vergadering in Sept wat deur dr. Pieter Mulder gelei is. Die lede is van links senator Marco Perduca (in 2008 verkies tot die Italiaanse senaat), Marino Busdachin (algemene sekretaris van UNPO), Pieter Mulder (Afrkaner: Suid-Afrika), Sepideh Sadeghi (wes-Balochistan in Iran). Regs van voor: Kathy Polias (verteenwoordig die Uyghur van China), Lana Agrba (Abkhazia), Ngawang Choephel (UNPO president en verteenwoordig Tibet), Abdul Hamid Khan (Kashmir in Indië). Dwars agter by die tafel sit Caroline de Bruin, een van UNPO amptenare.

Dr. Mulder in Geneve

“Die Suid-Afrikaanse regering het verouderde denke oor minderhede en is besig om al verder agter te raak by die nuutste ontwikkelinge op hierdie gebied," het dr. Pieter Mulder, VF Plus-leier, gesê na sy onlangse besoek aan Genève, Switserland.

Dr. Mulder het daar 'n UNPO (Unrepresented Nations and Peoples Organization) vergadering oor minderheidsregte bygewoon asook sittings van die Verenigde Nasies se Menseregtekommissie.
Dr. Mulder het die

Groepe deur Europa bygestaan

vergaderings bygewoon as VF Plus-leier en as lid van UNPO se presidensie of dagbestuur. Hy is vroeër vanjaar op UNPO se presidensie verkies.
"Minderheidsgroepe in Suid-Afrika soos die Afrikaners, Griekwas, Indiërs en Khoisan kan baie leer by Europese maatreëls om minderhede te beskerm. Van hierdie maatreëls sluit in die beskerming van moedertale, plekname en die stigting van eie kultuurrade.
“In Estonia besluit die Russiese minderheid self oor hulle monumente, oor lisensies vir radiostasies in Russies en oor hulle kinders se onderwys. In Suid-Tirool, 'n provinsie binne Italië, besluit die Duitssprekende minderheid self oor meeste sake wat hulle raak met 'n groot mate van outonomie,” het Mulder gesê.
"Minderheidsgroepe in Suid-Afrika sal ook moet leer om internasionale instrumente soos die Verenigde Nasies se Menseregtekommissie te gebruik wanneer die groepe voel dat hulle regte misken of onderdruk word," het Mulder bygevoeg.
Volgens dr. Mulder het hy na sy besoek aan Genève weereens die belangrikheid van die VF Plus se onderhandelingsuksesse in 1994 besef. Onder baie moeilike omstandighede het die VF in 1994 daarin geslaag om sekere klousules oor kultuur (art. 31), taal- en kultuurrade (art. 185) en oor selfbeskikking (art. 235) in die Suid-Afrikaanse grondwet te kon onderhandel.
Dit maak dit moontlik vir die party om sy doelwitte sonder oortreding van die grondwet te kan bevorder.
Vir ander UNPO lede is dit aansienlik moeiliker.
Tydens die UNPO vergadering is daar verslag gedoen oor probleme wat ander lede van die organisasie ondervind.
Vier Koerde is enkele weke voor die vergadering in Iran gehang omdat hulle die Koerde se saak in daardie land probeer bevorder het.
In Julie is mnr. Habib Jalib Baloch van die Balochistan voor sy huis vermoor.
Hy was 'n leier van die Baloch

Jongste plaasmoord syfers aan wêreld bekend

beweging vir selfbeskikking in hulle eie gebied.
Balochistan het histories 'n gebied in Pakistan, wat Afghanistan en Iran ingesluit.
Mnr. Bashar Mohammed Hamed, 'n leier van die Turkmen beweging in Irak, is in Mei vanjaar in 'n sluipmoordaanval gedood.
Die Turkmen is ongeveer 9% van Irak se bevolking en veg vir hulle taal en kultuur wat sedert 1972 in Irak onderdruk word.
Die Uyghurs is 'n etniese groep wat vir hulle regte in China veg.
In Julie het 'n hof in China drie Uyghurs lewenslank tronk toe gestuur omdat hulle outonomie vir hulle gebied gepropageer het. 'n Vierde Uyghur, die joernalis Gheyret Niyaz het 15 jaar tronkstraf gekry omdat hy oor Uygher onderdrukking met 'n buitelandse joernalis gepraat het.
Dr. Mulder het die geleentheid gebruik om weer oor die druk op Afrikaans in Suid-Afrika te praat en het ook die nuutste syfers oor plaasmoorde in Suid-Afrika verskaf.
Tydens 'n UNPO seminaar by die Verenigde Nasies in Genève het dr. Mulder ook 'n toespraak gehou oor hoe die nuwe digitale media op 'n moderne manier aangewend kan word om in Afrika lede se saak te bevorder.

Vir meer inligting oor UNPO besoek hulle webblad by www.unpo.org

‘n Inwoner van Zanzibar neem hier deel aan die algemene verkiesing op 31 Oktober vanjaar. Zanzibar is ook lid van Unpo.

Arcelor Mittal en BEE verdeel gemeenskappe sê VF Plus

Die Vryheidsfront Plus beskuldig Arcelor Mittal daarvan dat hy gemeenskappe verdeel oor die gevolge van 'n swart ekonomiese bemagtigingstransakie in die Vaaldriehoek. So sê mnr Jaco Mulder, VF Plus LPW vir Gauteng.

Dit volg na 'n aankondiging in die Emfuleni raad dat Arcelor Mittal in terme van 'n swart ekonomiese bemagtigingstransaksie 'n gemeenskapstrust wil oprig in die Vaaldriehoek waarin die gemeenskap bevoordeel moet word.

Mittal vereis dat 'n raadslid uit die Emfuleni stadsraad genomineer word om as lid van die trustee te dien.

As vereiste word dit uitdruklik gestel dat die raadslid onder andere swart moet wees.

Die uitgebreide definisie van swart (African, Indian, Chinese or coloured) word gebruik.

Die oprigting van 'n gemeenskapstrust op die wyse sluit dus blankes uitdruklik uit en bevoordeel slegs 'n gedeelte van die reeds verarmde gemeenskap.

Mnr Nic Janse van Rensburg, VF Plus raadslid vir Emfuleni het dit beaam deur te sê dat die transaksie, die oprigting en bestuur van die trust sal lei tot verdere polarisasie in die gebied en ook in die Emfuleni stadsraad.

Indien die oprigting van die trust op hierdie wyse voortgaan, behoort die benaming van die trust beskryf te word as 'n eksklusiewe swart gemeenskapstrust het Mulder gesê.

Die wyse waarop swart ekonomiese bemagtiging sedert sy ontstaan in Suid Afrika toegepas word kom neer op industriële sabotasie en die skep van nuwe onregte wat in die toekoms as menseregte skending onthou sal word.

Die volgehoue weerhouding van geleenthede van van 'n spesifieke rassegroep, lei tot die verdere uitvloei van kundigheid uit Suid Afrika en dui op 'n staat wat reeds gefaal het.

Dr. Mulder praat direk met pres. Zuma

Dr Pieter Mulder, VF Plus leier, het samesprekings in Kaapstad met president Jacob Zuma gevoer.
Die gesprek is deur dr Mulder aangevra as deel van die deurlopende gesprekke wat tussen die Vryheidsfront Plus en die regering plaasvind.
Verskeie sake wat kiesers raak is bespreek.
Die Vryheidsfront Plus het sy bekommernis oor mediavryheid in Suid-Afrika, oor swak dienslewering deur munisipaliteite asook oor die agteruitgaan van Afrikaanse onderwys tot op Universiteitsvlak aan die president gestel.
Opposisiepartye gebruik verskillende metodes om hulle kiesers se belange te dien asook om hulle oorsigfunksie in die parlement na te kom.
Dit sluit parlementêre vrae, privaatwette, petisies en mediaverklarings in.
Die beste metode om kiesers se probleme onder die aandag van die regering te bring, bly egter persoonlike gesprekke met die betrokkenes.
“Die adjunkministerskap bied geleentheid vir sulke gesprekke,” het dr. Mulder na die gesprek gesê.
Hy het die gesprek as positief beskryf. Die gesprek sal opgevolg word met verdere gesprekke met die betrokke regeringsleiers.

Opposisiepartye gebruik verskillende metodes om hulle kiesers se belange te dien asook om hulle oorsigfunksie in die parlement na te kom.
Dit sluit parlementêre vrae, privaatwette, petisies en mediaverklarings in.

VF Plus bevorder Afrikaans in Durban

Die VF Plus se Durban tak het onlangs ‘n projek geloods waar Afrikanse boeke ingesamel word vir Engelse skole.

Daarmee saam ‘n kompetisie vir die beste student in Afrikaans in ‘n Engelse skool. Mnr. Gert van der Linde, voorsitter, vertel dat reeds 50 Afrikanse boeke ontvang is en baie meer is oppad.
“Die kompetisie is uiteraard om Afrikaans in ‘n hoofsaaklik Engelse provinsie te bevorder.” Mense wat wil skenkings maak, kan gerus vir mnr. Van der Linde by 082 344 7864 bel.

Regering moet eers hul houding oor Afrikaans verander

Die Vryheidsfront Plus-jeug het die onlangse gesindheid rakende Afrika-tale in hoër onderwys van die minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr. Blade Nzimande, verwelkom.

Die VF Plus wil dr. Nzimande egter daarop wys dat Afrika-tale nie voldoende bevorder gaan word indien dit slegs as vakke by tersiêre instellings aangebied gaan word nie, maar dat dit slegs ontwikkel gaan word indien elke amptelike taal in Suid-Afrika as moedertaal-onderrig in skole, universiteite en ander instellings bevorder gaan word.

Die VF Plus stel dit egter duidelik dat die bevordering en ontwikkeling van Afrika-tale tot Akademiese Wetenskapstale nie kan geskied voordat die regering en die ANC hul houding teenoor Afrikaans as ’n medium van onderrig verander nie.

“Die regering marginaliseer Afrikaans-medium skole en tersiêre instellings en sodoende kan Afrikaans sy hoër funksies oor ‘n tydperk verloor.

“Dr. Nzimande moet hiervan kennis neem indien hy Afrika-tale wil bevorder,” het Jan van Niekerk, VF Plus-jeugleier gesê.

Die VF Plus is, soos wêreldwyd reeds bewys, van mening dat moedertaal-onderrig beter prestasies tot gevolg het en daarom sal die onderrig op sekondêre en op tersiêre vlak in Afrika-tale “n positiewe sosio-ekonomiese uitwerking op die Suid-Afrikaanse samelewing hê.

Die VF Plus wil sien dat alle amptelike tale in Suid-Afrika ontwikkel word om sodoende hul status te verhoog en die gebruik van alle tale, veral in die staatsdiens, te bevorder.

Pretoria Metroraad se verskoning is flou

Die Pretoria Metroraad se verskoning in die media oor die voorval by die vehoor van Bees Roux waar 'n Bloubul rugbytrui opgeskeur is, is onvoldoende.

Die VF Plus het die afgelope naweek optrede teen die lede van die Metropolisie lede geëis. Die VF Plus is verder van mening dat die Metroraad hierdie voorval stil stil wil laat verbygaan en dat daar niks aan die betrokke lede gedoen gaan word nie.
Die Streeksleier van die VF Plus in Pretoria, mnr Philip van Staden, sê dat 'n tikkie op die hand 'n kultuur van swak dissipline in die Metropolisie skep.

Van Staden het die VF Plus se standpunt van die afgelope naweek herhaal en gesê dat die Metropolisie daar is om die belastingbetaler van Pretoria te dien en dat hul ten alle tye onafhanklik moet bly.

Metro moet onpartydig bly

VF Plus se eie roos

Die VF Plus het ook sy kwota skoonhede. Suné Lotter (24) is ‘n navorser in die Vrystaatse Wetgewer wat onlangs as Mej. Bloemfontein Roos gekroon is. Die kompetisie is deur die Fleurdalsentrum in Bloemfontein aangebied.

Wat Suné se wen so besonder maak is dat sy voorheen aan geen kompetisie deelgeneem het nie. Sy het as ‘n groentjie op die loopplank beland en behoorlik stof in haar mede deelnemers se oë geskop. Sowat 300 inskrywings is vir die gesogte kompetisie ontvang.

Suné vertel dat sy behoorlik uit die veld geslaan was toe haar naam as wenner uitgeroep is. “Ek geniet die verantwoordelikhede wat daarmee saamgaan en as bonus ontmoet ek by elke funksie nuwe mense.

Sy het tydens die kompetisie ‘n skepping van die ontwerper Maryna aangehad.

Dr. Pieter Mulder, adjunk-minister van Landbou, Bosbou en Vissery en adjunk-min Wei Chaoan van China teken die landbou ooreenkoms.

SA en Sjina in aksie

‘n Landbou-ooreenkoms en gesamentlike Aksieplan is in Pretoria tussen die Suid-Afrikaanse Departement van Landbou, Bosbou en Visserye en die Departement van Landbou van die Sjinese Volksrepubliek onder teken. Dit het gevolg na ‘n bilaterale gesprek gister tussen dr. Pieter Mulder, adjunkminister van landbou, bosbou en visserye en mnr. Wei Chaoan, senior adjunkminister van die Chinese departement van landbou.

Die twee ministers is bygestaan deur senior amptenare van hulle departemente.

Die ondertekening van die gesamentlike aksieplan volg op samesprekings wat in Augustus in Beijing tussen me. Tina Joemat-Petterson, minister van landbou, bosbou en visserye en haar Sjinese ampsgenoot, minister Han Changfu, gehou is.

‘n Gesamentlike werkskomitee tussen die twee lande het na aanleiding van hierdie gesprek tussen die ministers die Aksieplan opgestel.

Die Aksieplan omskryf die verdere samewerking tussen Suid-Afrika en Sjina ten opsigte van die vestiging van akwa-kultuur projekte in Suid-Afrika.

Dit maak ook voorsiening vir die opbou van sekere skaars vaardighede in Suid-Afrika deur dit moontlik te maak vir Suid-Afrikaanse studente om



Dr. Pieter Mulder, adjunk-minister van Landbou en sy mede ampsgenoot, mnr. Wei Chaoan, in Sjina ondeteken die landbou oorkeenkoms wat deur die twee lande aangegaan is.

SA studente kan nou akwa-kultuur in Sjina leer

deur dit moontlik te maak vir Suid-Afrikaanse studente om onderwerpe soos akwa-kultuur in Sjina nagraads en tot op doktorale vlak te kan studeer.
Omdat Suid-Afrika in die Suidelike- en Sjina in die Noordelike halfrond val, verskil die landbouseisoene van die twee lande.
Dit maak dat die beskikbaarheid van sekere landbouprodukte aanvullend en nie kompeterend tot mekaar is nie. In die gesprek tussen die twee adjunkministers is dit as moontlike prioriteit vir toekomstige onderhandelinge en ooreenkomste uitgelig.

Die Sjinese adjunkminister en sy afvaardiging is later die aand deur me. Tina Joemat-Peterson, minister van landbou, bosbou en visserye, in Kaapstad onthaal.

VF Plus se ywerigheid ‘n pluspunt

Warren skryf die brief per epos oor die Daspoort tonnel opgradering:
Ek steun die Vryheidsfront se ywerigheid om die Daspoort tonnel op te gradeer maar stem nie saam met die wyse waarop dit gedoen gaan word nie.
Die Daspoort tonnel is `n ideale resep vir `n verkeersknoop, en elke dag tydens spitsverkeer vorm `n bottelnek aan beide kante van dit.
Die ongelukke glo ek is deels as gevolg van die ongeduld van mense wat vorm elke slag as dit gebeur.
Die ideale oplossing om die ongeluksyfer dus af te bring is om die verkeer vinniger deur die tonnel te laat vloei.
Maar in plaas om dit te doen wil die plaaslike regering die vloei nog meer teen `n slakkepas laat beweeg deur die aanbring van spoedhobbels.
Die ongelukke sal wel in die tonnel aansienlik afneem maar die ongeduld van mense sal net ongelukke verder in die pad af teweeg bring.
Spoed is nie die hoofoorsaak van padongelukke nie maar volgafstande, daarom steun ek wel die instel van padtekens om dit te reguleer maar geen inmenging om die vloei of spoed van verkeer te demp nie!
Ek dra kennis dat daar baie stadsbeplanners bestaan wat glo dat spoedhobbels nie die vloei van verkeer benadeel nie, soos die wat die hoofstraat van Somerset-Wes oor ontwerp het in die 1990's.
Enige een wat nog dit glo moet net gerus daar gaan kyk wat `n gemors dit is.
Wat my die meeste kwel is ook die feit dat die opgradering van die tonnel verkeerd om gedoen gaan word.
Die meeste gebruikers van dit is nie motoriste nie maar voetgangers wat elke dag blootgestel word aan groot volumes koolstofdioksied - en ander skadelike gasse wat tot kroniese siektes soos kanker kan lei, en ook tot mense se dood, Waaiers wat die gasse moet uitsuig word eers in die laaste fase van die projek geinstaleer!
Die grootste probeem met die tonnel is ook dat die gradient effens toeneem vanaf die Rosslyn kant na die kant waar die ou Yskor aanleg geleë is.
Dit veroorsaak dat baie voertuie wat in die rigting beweeg in die tonnel onklaar raak en dit blok.
Dit sal van groot waarde wees om `n swaardiens trekker aan een van die kante aan te hou om sulke voertuie uit te sleep.
Ek sal voorstel dat daar eers meer ondersoek ingestel moet word oor verkeerspatrone voordat die drastiese veranderings in die tonnel aangebring word!

Minderheidsgroepe moet eie museums beheer

“Die voorstel van die waarnemende direkteur-generaal van kuns en kultuur, me. Velsiwa Baduza, dat sekere museums onder een bestuursliggaam geplaas moet word sodat die museums vinniger kan transformeer, is ‘n poging om politieke beheer oor minderhede se kultuur te bekom,” was dr. Corné Mulder, VF Plus-hoofwoordvoerder oor kuns en kultuur, se reaksie op haar voorstel.

Monumente wat belangrik is vir ‘n spesifieke gemeenskap behoort onder die bestuur van ‘n liggaam geplaas te word wat saamgestel is uit lede afkomstig uit daardie spesifieke minderheidsgroep. Hierdie praktyk word internasionaal gevolg waar ‘n land se bevolking uit minderheidsgroepe bestaan. Die staat verskaf die nodige fondse om die museums te bedryf en in stand te hou omdat lede van alle minderheidsgroepe belasting betaal. Die bestuur word egter oorgelaat aan ‘n bestuursliggaam vanuit die minderheidsgroep self om die museums tot voordeel van daardie minderheidsgroep te bestuur,” het dr. Mulder gesê.

“Die ANC-regering is so behep met transformasie dat hulle ten koste van die geskiedenis en kultuurerfenis van minderheidsgroepe in Suid-Afrika optree. Dit blyk duidelik uit die departement van Kuns en Kultuur se eie rekords dat Afrikaans en die Afrikaners se kultuur die meeste ly onder transformasie van geografiese straat- en plekname.

Indien die ANC-regering die belange van minderheidsgroepe tot nou toe in ag geneem het, sou kuberterrorisme nie sy kop uitgesteek het as protesmiddel teen die regering se pleknaamveranderinge nie,” meen dr. Mulder.

Die VF Plus vra reeds etlike jare vir die ANC-regering om ‘n behoorlik gekoördineerde proses daar te stel om die transformasie van geografiese plek- en straatname te hanteer wat ‘n wen-wen oplossing vir almal sal bied.

Boere kan noord trek as Suid-Afrika aanhou dreig om grond te vat

“Afrika lande noord van Suid-Afrika beskik oor baie meer landboupotensiaal as Suid-Afrika.
Hierdie lande het 'n bo-gemiddelde reënval, beter grondkwaliteit en 'n warmer klimaat.
As die Suid-Afrikaanse regering foute ten opsigte van landbou in Suid-Afrika maak, kan Suid-Afrika maklik sy leier posisie op hierdie terrein verloor.
Dit is reeds hierdie jaar bewys op graangebied deurdat lande soos Zambië en Malawi, wat tradisionele invoerders van Suid-Afrikaanse mielies was, vanjaar selfvoorsienend is,” het dr. Pieter Mulder, Adjunk-Minister van Landbou, Bosbou en Visserye gesê.
Dr. Mulder was die spreker by Graan Suid-Afrika se jaarliks aanwysing van die graanprodusent van die jaar. Dit het tydens 'n galafunksie in Midrand plaasgevind.
“Onsekerheid oor grondhervorming en die huidige Suid-Afrikaanse debatte oor nasionalisering,

SA moet leer uit sy foute

help nie om Suid-Afrika meer mededingend teenoor hierdie Afrikastate te maak nie.

Kom ons leer uit die foute wat ander Afrikalande na Uhuru gemaak het en herhaal dit nie," het Mulder bygevoeg.

Dr. Mulder het daarop gewys dat een van die groot landbouprobleme waarom Afrika nie op gelyke vlak met ander kontinente kan kompeteer nie, fragmentasie is.

Ongeveer 85% van alle landbou in Afrika vind plaas op plase kleiner as twee hektaar. Sonder samewerkingsplanne kan hierdie landbouers nooit die voordele wat ekonomie van skaal inhou, kry nie.

In die Verenigde State van Amerika is daar slegs 4% plase kleiner as twee hektaar en in Brasilië, wat ook 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is, 11%.

As die Groenskrif oor grondhervorming die hoeveelheid grond wat 'n boer mag besit wil beperk, kan die voordele wat die ekonomie van skaal inhou, verloor word en

het ons geen lesse uit Afrika se mislukkings geleer nie, volgens Mulder.

Die graanprodusent van die jaar toekennings is daarop gemik om erkenning te gee aan kommersiële en opkomende produsente wat onder verskillende omstandighede daarin geslaag het om uiters doeltreffend en op 'n volhoubare basis graan te produseer.

Dr. Mulder het daarop gewys dat een van die groot landbouprobleme waarom Afrika nie op gelyke vlak met ander kontinente kan kompeteer nie, fragmentasie is.

Voorspoed aan 2010 matrieks

Die Vryheidsfront Plus-jeug het skole in Bloemfontein op die eerste dag waarop die matriekeindeksamen begin het, besoek.
Hierdie besoek is een van 'n reeks landwye besoeke wat die VF Plus-jeug tydens die eindeksamen sal onderneem om enige onreëlmatighede te monitor of tekortkominge rakende die eindeksamen uit te wys.
Tydens die besoek was die VF Plus-jeug verheug om te verneem dat genoeg vraestelle op tyd by die skole wat besoek is afgelewer is en dat die eksamen stiptelik op die voorgestelde tyd kon begin en binne die vasgestelde tyd afgelê kon word. Leerlinge se reaksie op die vraestel was dat dit aanvaarbaar was.
Die VF Plus is besorg dat die slaagsyfer laer kan wees as in die verlede, as gevolg van die landswye stakings en ook die invloed van die Wêreldbekersokker-toernooi.
“Die VF Plus sal die eksamen deurlopend monitor, skole besoek en sal daadwerklik optree indien leerlinge op enige wyse benadeel word weens tekortkominge van die Departement van Basiese Onderwys,” het Jan van Niekerk, jeugleier van die VF Plus gesê.
Mnr. Philip van Staden, VF Plus Pretoria voorsitter het ook sy goeie wense aan matrikulante van 2010 uitgespreek.
Hy was een van ‘n groep politieke figure en private instansies wat die Graad 12 leerders voorspoed met hul eksamen toegewens het.

Stop vuurwerke

Die feestyd is hier en duisende troeteldiere wag in angs en spanning vir die geraas wat klapperskote en vuurwerkvertonings gaan meebring – om nie te praat van moontlike beserings nie.
Karin Potgieter van die VF Plus het 'n dringende beroep op die publiek gedoen om nie onwettig klappers of vuurwerke in residensiële areas te gebruik nie.
Potgieter vra dat troeteldiereienaars asseblief verantwoordelikheid vir hul diere sal aanvaar en alles in hul vermoë sal doen om hul diere te beskerm.
Sy vra ook dat die publiek sowel as sekuriteitsmaatskappye wat patroleer sover moontlik op die uitkyk sal wees vir bang of beseerde diere, en dat hul 'n veearts of die DBV sal skakel indien hulle op so 'n dier afkom.
Plaaslike veeartse en die dierebeskermingsvereniging word aangemoedig om op kort kennisgewing beskikbaar te wees en hul dienste waar nodig aan te bied om verlore of beseerde diere te help.
“As ons almal bereid is om uit ons pad te gaan en saam te werk kan ons 'n groot aantal diere beskerm en so die skepping eer” sê Potgieter.

Nzimande moet ingryp voor onnies waai

Die Vryheidsfront Plus het vandeesweek dr. Blade Nzimande gevra om in te gryp en te keer dat meer onderwysers dié beroep verlaat.
Dr Elizabeth Snyman Van Deventer, VF Plus se woordvoerder oor onderwyssake, sê “ondervinding en vaardigheid is nie maklik om te vervang nie en daar behoort eerder gepoog te word om senior personeel te behou.
“Dit is kommerwekkend dat die persepsie bestaan dat die minister self verantwoordelik is vir 'n heksejag in sy departement en dat enige kritiek as teenstand teen hom beskou word.
“Mediaberigte die afgelope tyd skets 'n somber prentjie van die gebeure in die departement.
Suid-Afrika kan nie die agteruitgang van hoëronderwys bekostig nie en tans blyk dit dat die akademiese onafhanklikheid van universiteite die enigste wyse is waarop gehalte hoëronderwys wat steeds internasionaal mededingend is, verseker kan word,” het dr. Elizabeth Snyman-Van Deventer gesê.

Nokeng wankel onder administrasie

Nokeng tsa Taemane Munisipaliteit (Cullinan/Rayton) is nog nie eers `n maand onder administrasie nie en daar is klaar weer moeilikheid.
So sê rdl. Neels van Zyl nadat die Raad op 6 Oktober ontbind is.
“ Volgens inligting het die plakkers van die informele nedersetting, Phumzile, naby Laerskool Rayton reeds self besluit om hulle erwe uit te merk wat die munisipaliteit vir hulle aangekoop het. “Geen impakstudie vir dorpsontwikkeling is gedoen nie, maar die mense sit al erwe uit.
“Is dit wat gebeur as daar nie `n raad is nie - mense doen net wat hulle wil.
“Die administrateurs sal vinnig moet ingryp, want die sinke lê gereed om opgeslaan te word.”

Boer van Wesselsbron moet beskerm word

Jan van Niekerk, lid van die Vrystaatse Provinsiale Wetgewer vir die Vryheidsfront Plus, het sy misnoeë uitgespreek oor die wyse waarop die polisie die saak van mnr. Carel Marais hanteer.
Mnr. Marais is 'n boer van Wesselsbron en is die hoofgetuie in een van die mees opspraakwekkende korrupsieverhore tot nog toe in die Vrystaat. Hy het reeds in Februarie 2010 by die polisie aansoek gedoen vir beskerming vir homself en sy gesin wat nie toegestaan is nie.
Die feit dat verskeie polisiebeamptes beskuldigdes in die korrupsieverhoor is en die dreigemente teen mnr. Marais se lewe, is genoegsame rede om beskerming aan hom te verleen.
Die aanslag op sy lewe toe hy gister ter nouer nood 'n aanval op sy plaas vrygespring het, getuig van die erns van die saak.
Die polisie beskik oor inligting dat die beskuldigdes selfs uit die gevangenis beplan om Marais te vermoor. Meer as R380 000 is ook van Marais gesteel waarvoor ses polisiebeamptes gearresteer is.
Die vier verdagtes wat Marais op sy plaas probeer aanval het, is vinnig deur boere van die omgewing in hegtenis geneem nadat hy hulp op die Marnet-radio ontbied het.
Van Niekerk het gesê dat alle beskikbare inligting duidelik aantoon dat die polisie nie Marais se veiligheid kan waarborg nie.
Van Niekerk doen 'n beroep op die LUR van Polisie,Thabo Manyoni om die saak op die hoogste vlak te ondersoek.

Moeg vir swak dienslewering?

Is u moedeloos of kwaad omdat niemand na u luister nie.? Betaal u vir dienste, maar die gras word nie gesny nie, die pype lek steeds en jou straatligte bly af. Bel die VF Plus se dienssentrum by 0861 566 711 of stuur ‘n epos na help@vf.co.za

Incorrect billed?

Phone the service centre

It is a crying shame how many hardworking taxpaying citizens are being billed incorrectly in the Johannesburg Metro Municipality.
The so called interim reading process and misreading of municipal meters are in a state of dismay.
The municipal call centre is unfortunately impossible to reach and run by unqualified personnel that can only log a complaint and are unable to sort out the customer's query.
One solution that was offered by the Metro is the installation of prepaid electricity meters, but if a firm hand is not kept on this process bribery and corruption slips in via the back door.
So many citizens paid the amount of R2, 500 for the installation of these meters, but have been waiting for months for their meter connection from City Power.
The Freedom Front + is the only political party that offers a call centre number: 0861 566 711 to the general public

Clr Franco de Lange

country wide to sort out these municipal shortcomings.
Our councilors are willing to serve the public regarding these ongoing municipal complaints.

Onderwysdepartemente weet nie waar geld is nie

Die Vryheidsfront Plus het met skok gereageer op die verslag van die ouditeur-generaal aan die Parlement dat drie onderwysdepartemente nie kon verduidelik hoe R44 miljard deur hulle aangewend is nie.
Dit sluit die onderwys-departemente van die Oos-Kaap en Limpopo in wat die afgelope paar jaar die swakste matrikulasie-uitslae in die land gehad het.
Slegs die Wes-Kaap, Gauteng en KwaZulu-Natal het ‘n skoon ouditverslag gekry, terwyl die Oos-Kaap, Limpopo en Noordwes uitgesonder is as die swakste bestuurders van die geld wat hulle ontvang het.
Volgens die ouditeur-generaal se verslag kon die onderwysdepartement van die Oos-Kaap nie rekenskap gee van die besteding van R1,5 miljard van die sowat R20 miljard wat aan die departement toegeken is nie, terwyl die onderwysdepartement van Limpopo nie kan verduidelik hoe R1,45 miljard aangewend is nie.
Hierdie grootskaalse vermorsing van die belastingbetaler se geld dra nie by tot die verbetering van onderwys in hierdie provinsies nie.
Die Vryheidsfront Plus dring daarop aan dat die minister van Basiese Onderrig en die betrokke LUR die aangeleentheid ondersoek.
Die minister behoort meganismes in plek te stel wat sal verseker dat geld aangewend word waar dit die nodigste is en soos daarvoor begroot is om so te verseker dat vermorsing van staatsfondse beperk sal word,” het dr. Snyman-van Deventer, VF Plus-hoofwoordvoerder oor onderwys, gesê in reaksie op die ouditverslae van die ouditeur-generaal.
Persone wat verantwoordelik vir die wanbestuur is moet geïdentifiseer word en dissiplinêre stappe moet teen hulle geneem word.

Duisende buitelanders word in SA tronke aangehou

Volgens die minister van Korrektiewe Dienste, me. Nosiviwe Mapisa-Nqakula, is daar tans 8 580 buitelanders wat in Suid-Afrikaanse tronke aangehou word.
Hiervan is 4 868 reeds gevonnis en 3 712 is verhoorafwagtend.
Sy het geantwoord op ‘n vraag van Pieter Groenewald van die Vryheidsfront Plus in die parlement.
Die meeste is Zimbabwiërs (3 712) en Mosambiekers (2 337).
Buitelanders uit Afrika is verreweg die meeste met 8 011 uit 36 Afrika-lande.
“Die syfers is ‘n bewys dat grensbeheer, veral met Zimbabwe en Mosambiek, gefaal het en die belastingbetalers moet opdok om buitelandse misdadigers te onderhou. Daar moet dadelik aandag gegee word aan die verhoorafwagtendes.
Teen ten minste R150 per dag kos die buitelanders Suid-Afrika R470 miljoen (R469 755 000) per jaar.
Met beter grensbeheer kan miljoene bespaar word,” sê Pieter Groenewald (LP), hoofwoordvoerder van Polisie vir die Vryheidsfront Plus.
Volgens Groenewald is ‘n soortgelyke vraag aan die minister van Polisie vroeër vanjaar gevra om te bepaal hoeveel buitelanders by misdaad betrokke is.
Die minister het geantwoord dat die statistiek nie deur die Polisie gehou word nie.
Gevangenes van 99 lande word in SA-tronke aangehou.
Van die VSA en Brittanje word elk sewe burgers aangehou.

Hoë tolpadgeld kan motoriste se beursies krimp

Die VF Plus beskou die hoë tolpadheffings asook die aggressiewe uitbreiding van tolhekke regoor Suid-Afrika as onaanvaarbaar.
Die nuwe tolpadsisteem in Gauteng gaan ‘n geweldige las op padverbruikers plaas en sal ‘n baie ernstige en negatiewe impak op die provinsie se ekonomie meebring," het adv. Anton Alberts, VF Plus-parlementêre woordvoerder oor vervoer, gesê.
Uit VF Plus-vrae aan die Minister lyk dit of geen ekonomiese impakstudie gedoen is om te peil hoe die ekstra heffings die provinsie sal raak nie.

Renosterhorings is soos naels kou

Die VF Plus het 'n dringende versoek gerig tot beide die ambassadeurs van Sjina en Vietnam in Suid-Afrika en gevra dat hul lande hul posisie duidelik moet stel en drasties moet optree in die stryd teen renosterstropery in Suid-Afrika.
Renosters word toenemend gestroop en staar gevolglik totale uitwissing in die gesig terwyl dit algemeen bekend is dat renosterhoring in groot aanvraag is in snelgroeiende ekonomië soos veral Sjina, Vietnam en ander Asiese markte waar die ekonomie vir die sogenaamde medisinale waarde daarvan, so sê mnr Jaco Mulder, VF Plus woordvoerder vir Omgewingsake.
Terwyl die fokus in die media die afgelope tyd veral gerig was op die arrestasie van die verdagtes en baasbreine agter die renosterstropery, moet daar nou dringend ondersoek ingestel word na die mark vir renosterhorings wat eintlik die oorspronklike oorsaak van die probleem is.
Lande waar groot hoeveelhede renosterhorings dus op die swart mark verhandel word, behoort standpunt in te neem en aan te dui watter maatreëls in hul lande getref is om op die onwettige handel toe te slaan.
Beide Sjina en Vietnam is beide lidlande van CITES (Convention on international trade in endangered species of wild fauna and flora) en is dus regtens verplig om die konvensie te implementeer en af te dwing.
CITES het reeds in 1963 ontstaan en het in 1973 van krag geword met 80 lidlande wat dit onderskryf, wat intussen uitgebrei het na 175 lande.
Dit dien as raamwerk vir lidlande om hul eie wetgewing in plek te stel om die onwettige handel in bedreigde spesies te verhoed.
Renosterhoring bestaan uit keratien, 'n soortgelyke substans aan perde- of beeshoewes of 'n mens se vingernaels en beskik oor geen medisinale waarde.
Die kopers van renosterhorings kan net so wel aan hul eie naels kou, het Mulder gesê.
Die Vryheidsfront Plus verwelkom die arrestasies wat gemaak is maar eis meer drastiese optrede.

Kol. Piet Uys en adv. Anton Alberts staan hier by twee uitbeeldings van Italiaanse soldate by die ingang van Koffiefontein. Die foto is deur mnr. Jaco Mulder, VF Plus leier in Gauteng, geneem.

Italianers in Koffiefontein

Kol. Piet Uys, sekretaris van die VF Plus, en oudsoldaat het gaan navorsing doen oor die twee uitlanders by die ingang van Koffiefontein. Hy het die volgende vertel.

Die skilderye was teen een van die mure van die eetsaal van die Italiaanse Krygsgevangenis wat in Noord-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog krysgevangene geneem is, en toe in Koffiefontein aangehou is.

Die Italianers is in die krygsgevangene-kamp by Koffiefontein gehou tot na die einde van die Tweede Wêreldoorlog.

Tydens hul verblyf het een van hulle kunstenaars die twee skilderye in die eetsaal gemaak; die een skildery is van die destydse Italiaanse Keiser, Victor Imanuel, en die ander staatshoof Benito Mussolini.

Toe die De Beers Myngroep hul mynbedrywighede na die oorlog op Koffiefontien uitgebrei het, en die eetsale plat geslaan moes word, het een van die kontrakteurs besef dat hierdie kunswerke eintlik bewaar moet word en het toe die panele uit die muur gesaag.

SA burgers ook aangehou

gesaag.
Die twee skilderye is toe by die myn se plaaslike kantoorkomplekks opgestel, maar later na die ingang van die dorp verskuif en onder 'n afdak geplaas.

Volgens Uys het die Geallieerdes besluit dat Duitse krygsgevangenes tydens die Tweede Wêreld Oorlog nie na Suid-Afrika gestuur sou word nie, omdat hulle bang was dat daar te veel pro-Duitse sentiment in die Unie van Suid-Afrika was.
Daar is egter besluit dat Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika gehuisves moet word in Interneringskampe.
Die gevolg was dat meer as 97 000 Italiaanse krygsgevangenis na Suid-Afrika gestuur is.
Die eerste Italianers het op 4 April 1941 in Suid-Afrika aangekom. Uiteindelik is die meeste Italianers buite Pretoria by Zonderwater gehou; in Desember 1942 was daar 67 571 krygsgevangenes.
Italiaanse krygsgevangenes is nie net in Zonderwater aangehou nie. Baie is landwyd versprei in kampe en het as arbeiders op plase gewerk.
Die aantal krygsgevangnes wat op Koffiefontein aangehou is, het voortdurend gewissel; aanvanklik was daar 453 en die grootste aantal wat op een tydstip daar aangehou is, was 1199. Nie net Italianers is daar aangehou nie; daar is ook Duitse Suid-Afrikaners aangehou asook 'n groot klomp Afrikaners wat in Koffiefontein geïnterneer was. Die Italianers in twee kampe opgedeel - Italiaanse Fasciste en Italiaanse Royaliste.
Kol Uys vertel dat hy 'n paar jaar gelede 'n joernalis uit Nederland na Orania geneem het en op pad daarheen die skilderye by Koffiefontein aan hom gewys het.
Die Nederlander was verstom en het gesê dat net Suid-Afrikaners so verdraagsaam kan wees; in Europa sou hierdie skilderye lankal vernietig gewees het.

Protect and empower traditional and indigenous communities ask Orania leader

Opposition parties ran after Mr Carel Boshoff, president of the Orania Movement, to asked for a copy of his speech he made at the Portfolio Committee on Trade and Industry regarding the Intellectual Property Laws Amendment Bill in parliament recently.

Mr Boshoff said although it is a highly technical piece of legislation, it touches on basic and important issues to the traditional indigenous communities of South Africa," even if and when they are not making direct use of the legal instruments that you putting at their disposal.

The legal framework that a society creates, represents a frame of mind and if that is one of recognition and solidarity with its indigenous communities, it enables them to thrive.

"There are important reasons to support and strengthen initiatives like the present bill to protect and empower traditional and indigenous communities in a commercialised and competitive environment. That being true we will take it a step further and argue that such protection and support only makes sense if and in so far as the communities in question are functional communities and are not eroded and undermined by economical, political or cultural circumstances that they are unable to control.

To page 29

Disconnectedness can cause poverty

When addressing the question of indigenous knowledge and traditional culture it easily seems as if you need to stand back from the hustle and bustle of modern life and enter a mind set of past eras and centuries. It seems as if you have to travel between worlds that are essentially disconnected and though some nostalgic impulse may move us to sympathise with those times past by, it is the here and now that appeals to our reason and feeds our action.

This is the main misunderstanding that needs to be discarded, especially in a society troubled by poverty and a need for development.

In fact, it is exactly this disconnectedness that causes much of the poverty and disorientation in so many societies lacking in development.

More important for sustainable development than capital, markets or even infra-structure, is the knowledge and the frame of mind that makes data "knowable", is the symbolic order against the background of which it makes sense to take certain initiatives or actions. "Why take the trouble?" precedes the question "What am I to do?" and needs to be answered before endemic poverty can be adressed successfully.

If one takes a holistic view of indigenous knowledge it represents exactly this symbolic order or world view - not as something stagnant and unchangeable, but in fact as the precondition for changes that make sense to accept, or even to pursue.

The diverse strategies regarding human health and healing, often associated with indigenous knowledge, and the phenomenon of psycho-somatic illnesses and conditions attest to the importance of a symbolic order, even for the individual, all the more so for a community.

What needs to be protected then is not so much isolated pieces of knowledge preserved as if in a museum, but a perpetually self-transforming system of meanings and sources of meaning that equips its users for the challenges that life will confront them with.